



Foto deur Theuns Botha



Ooibestuur tydens dragtigheid

deur Juan Venter, NWKV-produksieadviseur, Middelburg, Oos-Kaap

Wol en vleis per hektaar geproduseer, is 'n belangrike winsdrywende faktor in enige wolskaapboerdery. Verskeie strategieë en stelsels is beskikbaar om die reproduksievermoë van ooie te verhoog, maar die mate waartoe dit gebruik of toegepas word, hang baie af van die bestuursvermoë van die produsent en die beskikbare infrastruktuur.

Ongeag die stelsels en infrastruktuur wat ge-

bruik word, sal die optimale potensiaal van 'n ooi slegs behaal word indien die produsent toesien dat:

- daar aan die voedingsbehoefte van laat dragtige en lakterende ooie voldoen word
- die besetting van ooie deur doeltreffende ram- en ooibestuur optimaal benut word
- die oorlewing van die fetus en die lam verhoog word deur doeltreffende bestuur tydens laat dragtigheid en lamtyd.

»»» Belangrike faktore tydens dragtigheid

- Om afsterwing van embrio's te voorkom, moet spanning tydens paring en die eerste maand van dragtigheid vermy word. Geen hantering moet in dié tyd plaasvind nie.
- Dragtigheidsondersoeke kan 42 dae nadat ramme verwyder is, gedoen word. Dit is belangrik om meerlinge van enkelinge te skei en die voedingspeil van die meerlingooie te verhoog.
- Verhoed gewigsverlies deur toe te sien dat die voedingspeil van die ooie korrek is deur dit met 'n lek aan te vul. Navorsing toon dat die produktiwiteit van die kudde verhoog word indien kondisiepunt (3) van ooie vir die volle dragtigheidsperiode konstant gehou kan word.
- Maak seker dat daar voldoende skaduwee vir die ooie is – veral in die warm dele van land en by temperature bo 35°C.
- Die hormoon estriool, wat deur die plasenta afgeskei word, stimuleer uier-ontwikkeling en verhoog bies- en melkproduksie. Gee dus 'n lek wat ryk is aan deurvloeioproteïene.
- Kondisiepunt die ooie weekliks. Die ideaal is dat ooie gedurende laat dragtigheid 15 tot 18% in liggaamsmassa moet toeneem.
- Die voorsiening van deurvloeioproteïene aan meerlingooie en eerste lamooie ses tot agt weke voor lam, lewer positiewe resultate.
- Mikskeer ooie minstens vier weke voor lam – dit maak dit vir die lam makliker om die spene te kry.
- Doseer ooie met vitamien A en minerale.

»» Belangrike faktore gedurende lamtyd

- Laat lam in kleiner kampies indien moontlik met oitroppe van 50 of kleiner – dit kan lamvrektes met tot 7,5% verlaag.
- Lakterende ooie met enkelinge moenie meer as 25 tot 50 g in liggaamsmassa per dag verloor nie.
- Lakterende ooie met meerlinge moet nie meer as 60 tot 100 g per dag in liggaamsmassa verloor nie.
- Laat lam verkieslik enkel- en meerlingooie en die jong ootjies apart van mekaar.
- Sodra die ooi gelam het, raak die voeding van die lam belangrik. Om oormatige massaverlies by lakterende ooie te voorkom, moet kruipvoer aan lammers voorsien word, veral aan meerlinglammers. Kruipvoer verseker dat lammers vroeër gespeen kan word en dit het weer tot gevolg dat ooie hul kondisie kan verbeter en die besettingspersentasie vir die daaropvolgende lamseisoen word sodoende verhoog.
- Ooie se melkproduksie bereik 'n piek op 42 dae ná lam en neem dan vinnig af. Teen daardie tyd moet die lam reeds sterk vreet en is dit goeie praktyk om die diere na 'n nuwe kamp te skuif.
- Met behulp van die soog-en-droogmetode moet ooie wat nie 'n lam kon speen nie en ooie wat swak en ligte lammers speen, geïdentifiseer word. Hierdie swak moeders moet verkieslik bemark word.
- Los boepenslammers by die ooie sodat die moeders geïdentifiseer kan word en geprul kan word. Verkoop verkieslik dié lammers saam met die ooie.





Die antwoord lê in bestuur

Gesonde diere lewer beter produksie en gee gesonder lammers. Verseker dat jou inenting- en doseerprogram op datum en jou kudde parasietvry is. Volg 'n doeltreffende siektevoorkomende gesondheidsprogram. Bestuur jou predatore voor jy begin lam deur lamkampe se heinings na te gaan en te verseker dat daar geen ongediertes in die kampe is nie.

Opsomming

Om produksie per hektaar te verhoog, moet soveel as moontlik van bogenoemde stelsels en strategieë gekombineer en toegepas word. Optimale voeding gedurende die verskillende fisiologiese stadiums van die teelooi is noodsaaklik vir 'n hoë reproduksietempo, hoë lamoerlewing en vinnige lamgroei om te verseker dat die genetiese potensiaal van jou skaapkudde bereik kan word.

Wins word hoofsaaklik deur doeltreffendheid bepaal en nie soseer deur die wol- en vleisprys nie. 

